# APRIL : van goggas tot SOUT !

# Hey! Brokkies Nuus April 2014

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Die 2de kwartaal het afgeskop met Goggas en SOUT? JA!!** Die grR groep by Beaumont het begin met **Groeigoggas**, die gr1 klas met **Jollie Jakkers** en die leiers van more (gr6) met **SOUT VAN DIE AARDE** leierskap. Dit beteken nog sowat 8 klasse van sowat 30 kinders elk wie nou ook op weeklikse basis bedien word. Al die harde voorbereiding om die programme aan die gang te kry werp nou vrugte af! **HEY! is ook geseën met passievolle nuwe aanbieders- die Here het mildelik voorsien, soos altyd!**



Jollie Jakkers STOP en vra WSJD?

**1.WATTER KURRIKULUMS gebruik HEY?** **Kom ons kyk na 'n paar:**



SOUT VAN DIE AARDE - leiers van more

**1.Die "Groei Gogga" program handel oor geestelike groei.** Die evangelie word deur middel van verskillende kleure aan die leerders bekend gestel. Ideaal vir grR !





Beaumont Gr R by Grietjie Groeigogga !

**2.Jollie Jakkers "ry"** met die Jollie Jakker Tjorrie op reis deur die Bybel. Dit bring aan leerders **waardes soos nederigheid** (en nie hoogmoed), **tevrede** (en nie jaloers) **dink aan ander** (en nie net aan jouself). Jesus se gelykenisse word veral bekemtoon en die vraag is altyd **Wat Sal Jesus Doen?** Gr1 geniet die program!

**3.Kinder EEIII of Hoop vir Kinders program.** Ons verduidelik die **evangelie op 'n prettige en avontuurlike wyse** aan kinders, lei hulle tot 'n grondige **kennis van die redding in Jesus Christus en rus hulle toe om hulle geloof met ander te deel.** Gr3 of 4 is ideaal hiervoor

**4. Die "Sout van die Aarde"** program word gebruik waar **leiers aangemoedig** word **om LIG en SOUT te wees.** Temas uit die reeks: **Jy kan 'n leier wees. As jy volgelinge het, is jy 'n leier. Hoe om volgelinge te maak, Jesus as omgee leier. kinders word geleer dat hulle altyd met integriteit moet optree en 'n positiewe invloed moet uitoefen as leier.** Perfek vir gr6



Lochnerhof se aanbieders met hul nuwe prettige HEY! voorskote. Julle is "stunning"!

**WATTER VROLIKE "POLKA DOTS" SIEN ONS IN DIE STRAND? nie bikini's nie, maar voorskote!**

Die aanbieders wie die kinders tot gr3 bedien by **Lochnerhof** pronk deesdae met denim voorskote met die Hey! reënboog en verskillende kleure polka dots afhangend van graad waar hulle bedien! Die kreatiewe span straal energie uit en lyk pragtig! Dankie julle!♥

Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste

*Ek sluit af met 'n stukkie uit Roy Hession se Kruisweg: **Joh 5:19 "die Seun kan niks uit Sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen.."** Jesus het Homself ter wille van ons tot niks gemaak en die eenvoudige Lam geword. Ons is nog meer afhanklik van die Vader as wat Jesus was as Lam op aarde. Mag ons weereens net ons afhanklikheid bely! Ons moet minder word en HY meer!*

**Besoek ons www.hey.org.za of https://www.facebook.com/HopeExplosionYouthMinistries**